

## **Jesus is die Hoof van die Kerk!**

Maandag 20 Junie 2022

**Lees:** Kol 1:15-20 veral vers 18; Ef 1:22

### **Waarom dink jy as jy aan die kerk dink?**

- Dink jy aan die gebou?
- Dink jy aan die argitektuur?
- Dink jy aan die bedieningsmetodes?
- Of dink jy dalk aan die dominee?

### **Waarom behoort ons te dink?**

- Aan die Koning, die Hoof, die Here, die Verlosser!
- Dit gaan oor Jesus Christus!

### **Kol 1:18**

“Hy is die **HOOF** van die liggaam, van die kerk.

Hy is die **OORSPRONG** daarvan,

Hy is die **EERSTE**, die een wat uit die dood opgestaan het,

sodat Hy die **EERSTE PLEK** in die heelal inneem.”

**Die Hoof** dui op Jesus Christus se groot en verhewe belangrikheid vir sy kerk, Sy liggaam.

Dit is belangrik vir die hele verstaan van die kerk dat ons sal verstaan **hoekom** Jesus die Hoof van die kerk is. In die Grieks beteken **HOOF**, Jesus Christus is:

\* die Bron, \* die Oorsprong, \* die Leier, \* die Regeerder.

### **Want in Jesus het alles begin.**

- Hy is na die aarde gestuur deur God die Vader om die kerk, die mense, met Hom, dit is God te versoen.
- Jesus Christus het dit bewerk deur Sy soendood aan die kruis.
- Sonder Jesus Christus se versoening sou ons almal verlore gewees het.
- Daar is niks en niemand wat Sy plek kan inneem nie.

Maar die feit dat Jesus die Hoof van die Kerk is, Hy is die Hoof van die liggaam, beteken ook dat ons as die liggaam 'n funksie het.

**Ef 4:15b,16** “Hy is immers die Hoof, 16) en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.”

Want die liggaam van Christus bestaan uit alle ware gelowiges, uit al die uitverkorenes van alle tye en op alle plekke van baie Christelike denominasies.

### **As Hoof van die kerk ...**

- het Hy ook die Heilige Gees aan ons gegee sodat ons kan leef en werk,
- Jesus Christus gee gawes aan mense en plaas hulle in 'n kerk sodat hulle ook daar Hom kan dien en waar dit ookal nodig is.

- Deur sy Woord reinig Hy ook die kerk en dit herdenk ons telkemale as ons bymekaarkom om Hom te dien.

### **Daar is geen ander hoof van die kerk op aarde nie.**

- Geen moderator, dominee, pastoor, ouderling, diaken of watter geestelike leier is hoof van die kerk op aarde nie.
  - ❖ Hierdie posisie is uitsluitlik gereserveer vir Jesus Christus.

### **Toepassing**

- Gee jy aan Christus die eer en erkenning as **jou Hoof?**
- Is Jesus Christus werklik **jou Leier** wat bepaal wat jy dink en doen?
- Daar mag geen lojaliteit teenoor enige mens, kerk of iets wees wat belangriker is as jou lojaliteit teenoor Christus as jou **Hoof** nie!
- Hy moet die eerste plek beklee in ons gedagtes en aktiwiteite!

***Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: [gskruger1@gmail.com](mailto:gskruger1@gmail.com)***